higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT DIE REGTE
NKR VLAK 2

16 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 D
1.3 B
1.4 A
1.5 C
1.6 C
1.7 A
1.8 D
1.9 B
1.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Waar
2.5 Onwaar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 D
3.2 G
3.3 I
3.4 A
3.5 J
3.6 C
3.7 E
3.8 F
3.9 L
3.10 H

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 4.1.1 gemenereg
4.1.2 Handves van Regte
4.1.3 Hoofstuk 2

(3 × 1) (3)

4.2 4.2.1 maatskaplike konflik
4.2.2 geregtigheid

(2 × 1) (2)
[5]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1

REG	MORALITEIT	GEREGTIGHEID
• Dit is ’n stel regsreëls. • Dit word deur ’n land of regering bepaal. • Dit word gebruik om gedrag te reël. • Dit word deur ’n hof afgedwing. • Dit hou die bedreiging van straf en/of boetes in. (Enige 2 × 1)	• Dit bestaan uit beginsels van reg en verkeerd. • Dit kan met wette oorvleuel. • Dit kan deur die staat afgedwing word, maar gebeur nie noodwendig nie. • Dit word bepaal deur familiegroepe, godsdiensgemeenskappe en persoonlike oortuigings. (Enige 2 × 1)	• Dit omvat billike optrede en behandeling. • Dit het as grondslag gelykheid voor die reg. (Enige 2 × 1)

(6)

AANTEKENING AAN DIE NASIENER: ENIGE TOEPASLIKE ANTWOORD KAN AANVAAR WORD.

5.2
- Hulle reël mense se gedrag.
- Hulle is uniform of is in gelyke mate op almal van toepassing.
- Hulle omskryf of bepaal die regte en verpligtinge (pligte) van mense.
- Hulle bied oplossings vir konflikte wat tussen mense kan ontstaan.
- Hulle skryf prosedures voor waarvolgens howe regte kan afdwing en feite kan bewys.
- Hulle sit uiteen wat die regsgevolge van bepaalde gebeure is of wat die gevolge sal wees as mense op ’n bepaalde manier optree. (6)

Kopiereg voorbehou

5.3
- Die gebruik moet redelik wees.
- Die gebruik moet reeds geruime tyd bestaan.
- ’n Gemeenskap moet die gebruik erken en volg.
- Die inhoud van die gebruik moet seker en duidelik wees.
- Die gebruik moet ’n gevestigde praktyk wees.
- Die meeste mense in ’n gemeenskap moet deur die gebruik gebind voel. (6)

[18]

VRAAG 6

AANTEKENING AAN DIE NASIENER: ENIGE TOEPASLIKE ANTWOORD KAN AANVAAR WORD.

6.1
- Regsbevoegdheid: Diere besit nie regsbevoegdheid nie.
- Handelingsbevoegdheid: Voorbeelde is om ’n testament op te stel, ’n kontrak te onderteken en in die huwelik te tree.
- Bevoegdheid om aan regsverrigtinge deel te neem: Om ’n party in siviele verrigtinge te wees.
- Verantwoordbaarheid/aanspreeklikheid: Om tussen reg en verkeerd te onderskei en daarvolgens op te tree. (4 × 2) (8)

6.2
- Gedrag
- Onregmatigheid
- Fout
- Veroorsaking
- Skade (Enige 4 × 1) (4)

AANTEKENING AAN DIE NASIENER: ENIGE TOEPASLIKE ANTWOORD KAN AANVAAR WORD.

6.3

6.3.1 Beperkte vennootskap: Dit het algemene en spesiale vennote, maar slegs algemene vennote kan sake doen. Spesiale vennote doen nie bo en behalwe hul aanvanklike bydraes persoonlike aanspreeklikheid op nie. (2)

6.3.2 Naamlose/anonieme vennootskap: Hierdie vennootskap maak slegs hul gewone vennote bekend. Anonieme of stille vennote speel geen rol in die onderneming nie maar is pro rata aanspreeklik vir die vennootskapskuld. (2)

6.3.3 Vennootskap en commandite: Die vennote in ’n vennootskap en commandite dra vaste bedrae tot die onderneming by en ontvang ’n vaste aandeel van die winste. Hulle is aanspreeklik vir skulde ten bedrae van hul bydraes.

(Enige 2 × 3) (6)

6.4
- Wissels
- Tjeks
- Promesses (Enige 2 × 1) (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B 38

AFDELING C

VRAAG 7

7.1
- Die persoon moet die opset hê om ’n misdaad te pleeg.
- Die persoon moes ’n handeling gepleeg het wat met sy of haar opset ooreenkom.
- Die misdaad moes nie afgehandel gewees het nie. (3)

AANTEKENING AAN DIE NASIENER: ENIGE TOEPASLIKE ANTWOORD KAN AANVAAR WORD.

7.2
- Noodweer of selfverdediging. Wanneer ’n persoon byvoorbeeld sy of haar eie of iemand anders se belange teen ’n onregmatige aanval beskerm.
- Noodsaaklikheid: Byvoorbeeld, wanneer ’n persoon die snelheidsgrens oorskry om sy of haar ernstig siek kind by die hospitaal te kry.
- Welwillende bemoeiing of saakwaarneming: Byvoorbeeld, X se huis kan oorstroom word omdat ’n kraan oopgelaat is. Y breek ’n venster om toegang tot die huis te kry en maak die kraan toe.
- Amptelike hoedanigheid:✓ ’n Polisiebeampte skop ’n deur oop om ’n gevaarlike misdadiger in hegtenis te neem. ✓
- (2 × 1 vir feite en 2 × 1 vir voorbeelde) (4)

AANTEKENING AAN DIE NASIENER: ENIGE TOEPASLIKE ANTWOORD KAN AANVAAR WORD.

7.3
- In inheemse reg is daar geen konsep van ’n entiteit behalwe ’n mens met regspersoonlikheid (’n natuurlike persoon) nie. Inheemse reg het geen konsep wat met die korporasie (regspersoon) vergelyk kan word nie.
- Die klem is eerder op die groep as die individu. Hoewel alle lede deel in die groep se regte, is die omvang van alle lede se aandeel gelyk aan hul status in die groep. Faktore soos ouderdom, geslag en rang beïnvloed die status van die lede.
- Die tipiese kontrak in inheemse reg behels dat die ooreenkoms bindend word sodra daar prestasie of vervulling of gedeeltelike prestasie of vervulling is. ’n Voorbeeld is ’n ooreenkoms om in die huwelik te tree en huweliksgoedere oor te dra.
- Die sentrale inheemse reg wat familieverhoudings reël, is die reg wat met die instelling van die huwelik verband hou. ’n Belangrike kenmerk van die instelling is dat die groepe van die bruid en bruidegom sentraal is. Die huwelik kom tot stand met die oordrag van die bruid van haar groep na haar eggenoot se groep. Die instemming van albei familiegroepe is noodsaaklik. Hoewel die bruid ’n lid van haar eggenoot se groep word, behou sy lidmaatskap van haar eie groep. (Enige TIEN) (10)

[17]

TOTAAL AFDELING C: 17

AFDELING D

VRAAG 8

AANTEKENING AAN DIE NASIENER: SLEGS EEN VRAAG MOET NAGESIEN WORD.

8.1
- Geskille tussen staatsorgane in die nasionale of provinsiale sfeer rakende grondwetlike status, magte of funksies van enige van daardie staatsorgane
- Die grondwetlikheid van parlementêre of provinsiale wetsontwerpe nadat die president of premier van ’n provinsie dit na die Konstitusionele Hof verwys het
- Die grondwetlikheid van parlementêre of provinsiale wette nadat lede van die Nasionale Vergadering✓ of ’n provinsiale wetgewer aansoek by die Konstitusionele Hof gedoen het om ’n bevel wat die wet ongrondwetlik verklaar.
- Die grondwetlikheid van enige wysiging aan die Grondwet
- Die vraag of die Parlement of die president versuim het om ’n grondwetlike plig na te kom.
- Die sertifisering van ’n provinsiale grondwet (15)

OF

8.2
- Strafsake: ’n Hoë Hof moet altyd aanklagte van hoogverraad aanhoor. Dit kan enige strafbare oortreding verhoor, maar normaalweg sal dit slegs ernstige sake verhoor waar moontlike vonnis gevangenisstraf van meer as 15 jaar of ’n boete van meer as R300 000 is.
- Siviele sake: Dit sal slegs sake verhoor waar die bedrag wat geëis word meer as R100 000 is. Boonop kan slegs die Hoë Hof sake oor statusaangeleenthede aanhoor.
- Grondwetlike sake: ’n Hoë Hof kan enige grondwetlike saak beslis, behalwe ’n aangeleentheid wat binne die uitsluitlike jurisdiksie van die Konstitusionele Hof val.
- Appèlle en hersienings: ’n Hoë Hof kan appèlle hersien en aanhoor met betrekking tot straf- en siviele sake van die laerhof. (15)

[15]

TOTAAL AFDELING D: 15
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou